

Donderdag 11 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:7-16

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:11; HK Sondag 21, Vraag 54

Die instandhouding van die kerk

Dat Christus sy kerk vergader en beskerm, is reeds behandel. Hier word slegs aandag gegee aan die feit dat Hy sy kerk onderhou of in stand hou. Christus doen dit deur sy Woord en Gees, maar dan ook deur die optrede van die ampsdraers wat Hy aan die kerk gee. Daarop vestig Paulus die aandag as hy in Efesiërs 4:11 sê: “En dit is die ‘gawes’ wat Hy ‘gegee het’: apostels, profete en evangeliste, en herders en leraars.” Paulus noem eers die buitengewone ampte wat daar in die beginjare van die kerk van die Here was, naamlik die apostels, profete en evangeliste. Met die vestiging van die kerk het die gewone ampte van herders en leraars, ouderlinge en diakens egter die werk van die buitengewone ampsdraers oorgeneem. Hierdie ampsdraers moet deur organisasie, die reël van byeenkomste, die oprigting van geboue en dergelike sake die geleentheid skep sodat die Woord van God verkondig kan word, want daarin bestaan die eintlike instandhouding van die kerk (2 Tim. 4:1-4). Paulus stel dit baie duidelik dat die ampsdraers *gawes van die Here is* en deur Hom geroep en aangestel is om in sy gemeente te werk. ’n Mens dink hier ook aan die woorde van Christus toe Hy aan sy dissipels gesê het: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21). Die ampsdraers moet as gawes en gesante van Jesus Christus gesien word.

Die hooftaak van die ampsdraers is die verkondiging van Jesus Christus as Verlosser. In aansluiting daarby sê Paulus aan die Efesiërs (4:12) dat die ampsdraers ’n tweevoudige taak het: eerstens om die gelowiges *toe te rus* vir die diens wat hulle moet verrig, en tweedens om die liggaam van Christus *op te bou*. Dit beteken dat die gelowiges opgebou en toegeerus moet word om op ’n behoorlike wyse *diens te kan verrig* in die koninkryk van God as profete, priesters en konings. Om dit te kan doen, moet hulle *God ken* uit sy Woord. Hulle moet groei in geloof, hoop en liefde en die ampsdraers moet hulle daarin lei en help. Paulus toon ook aan wat die doel van hierdie instandhouding deur opbouing en toerusting is. Daardeur moet hulle sorg dat die lidmate geestelik volwasse mense in Christus is en standvastig in die geloof is. So sal hulle “in liefde by die waarheid bly en in alle opsigte groei na Christus toe” (Ef. 4:13-15).